Die Hambeeld

HTS Drostdy kwartaal 2 van 2019

Donkie-rugby op dreef

Drostdy se rugbyspanne het hierdie kwartaal by 'n paar gesogte toernooie gaan deelneem en die uitslae was, om die minste te sê, vir die boeke.

Noord-Suid op Uitenhage vanaf 15 tot 21 Maart:

o/19A

HTS Drostdy 106 – 3 Transvalia
HTS Drostdy 26 – 12 Ben Vorster
HTS Drostdy 45 – 19 Marais Viljoen

o/16A

HTS Drostdy 40 – 17 Transvalia
HTS Drostdy 20 – 21 Ben Vorster
HTS Drostdy 35 – 22 Marais Viljoen

o/15A

HTS Drostdy 12 – 15 Transvalia
HTS Drostdy 27 – 21 Ben Vorster
HTS Drostdy 12 – 7 Marais Viljoen

o/14A

HTS Drostdy 60 – 5 Transvalia
HTS Drostdy 79 – 7 Ben Vorster
HTS Drostdy 62 – 5 Marais Viljoen

Uitslae van Kearsney Easter Festival: o/19A

Donderdag 18 April: Drostdy wen teen HTS Middelburg 19-14.

Saterdag 20 April: Drostdy verloor teen Welkom Gimnasium 16-29.

Maandag 22 April: Drostdy wen 27-19 teen Durban High School.

Wildeklawer toernooi:

Donderdag 2 Mei:

Drostdy speel alle wedstryde teen Affies:

0/14 wen 14-11
0/15 verloor 7-32
0/16 verloor 14-52
0/19 verloor 22 -38

Saterdag 4 Mei:

Drostdy speel al hulle wedstryde teen HS Monument van Roodepoort.

0/19 verloor 20 - 28
0/16 verloor 13 - 18
0/14 wen 19 - 18
0/15 wen 11- 10.

HTS Drostdy o/18 Rugbyspelers wat hierdie vakansie aan die Craven- en Akademieweek gaan deelneem:

Keane Galant, Justin Henning, Hugo Mostert, Wynand du Plessis, Roan Jansen, Carlton Pietersen, Joshua Smith, Gysbert du Preez, Benicio Kamfer en Reinier Viljoen.

HTS Drostdy o/16 Rugbyspelers wat aan die Grant Khomo-week gaan deelneem :

Nayron Solomons, Percy Basson, Juan Colling, Henro Wilkinson, J.P. Snell, Pieter Hamman, Michael Ryan, Abré Griessel, J.P. Swanepoel en J.C. de Leeuw

Drostdyers haal die meeste uit die kwartaal

Donkies is geharde diere met goeie uithouvermoë. Elkeen van ons het beslis hierdie eienskappe nodig gehad om die vier weke van eksamen te oorleef.Dit was voorwaar vir elke leerder van Drostdy 'n groot uitdaging. Hierdie kwartaal is almal egter ook verder uitgedaag om hul volle potensiaal in die vele buitemuurse aktiwiteite te bereik. Die Donkies het hulle uitgeleef in sport en kultuur, terwyl die redaksielede daar was om alles vas te lê en uiteindelik 'n prent van die kwartaal se gebeure te skets in die vorm van **Die Aambeeld**. Ek bedank elke lid van die redaksie vir hul moeite en insette om die Aambeeld op te bou tot 'n volledige publikasie. Verder moet elke Donkie die ruskans in die vakansie geniet voordat die derde weer in alle erns afskop.

Armand van Rhyn

Geringde Donkies

Drie van ons onderwysers het die afgelope kwartaal die vierperdewa ingespan.

Me Redelinghuys neé Swart het met Enrico getrou. Hulle het die knoop op 18 Mei deurgehaak. (regs bo)
Me Suné de Beer, nou Oosthuizen, het ook die stoute skoene aangetrek. Sy en Kit Oosthuizen is op 23 Maart getroud. (regs onder)
Mnr. Daniël Roothman (regs middel) het met sy groot liefde Chantal getrou. Hulle is op die 22ste Maart getroud.

Meneer Oupie en tannie Christine is al vir 'n volle twee dekades getroud, amper 'n halwe leeftyd! Baie geluk, Meneer.

Juffrou Rensia Vermeulen is verloof! Ons is so bly vir juffrou. Ons weet dat die troue 'n sprokiesverhaal gaan wees.

Ons wens hierdie onderwysers alle voorspoed toe.

Ons Groet

Me. Lee-Ann West het 'n pos op Hermanus aanvaar. Sy bly egter in die onderwys. Ons is hartseer om so 'n fantastiese juffrou te verloor. Juffrou, ons hoop dat u gelukkig sal wees en moenie ons vergeet nie asseblief.

Me. Annica Pretorius gaan ons ook verlaat. Sy gaan Dubai toe om daar te gaan werk. Sy was by so baie aktiwiteite betrokke en gaan sekerlik 'n groot leemte laat. Ons wens u alle voorspoed toe.

Mnr. Rico Hunter het die afgelope kwartaal in Europa gaan hardloop en hom voorberei vir die Comrades marathon. Hy het dan ook sy eerste Comrades agter die rug. Baie geluk, Meneer.

Om gekroon te word

Dit was 'n aand van *glitz en glamour*. Die gehoor sien net die eindproduk, maar watse stryd was dit nie om daar uit te kom nie? Slegs die graad 11 en 12 seuns en dogters is toegelaat om in te skryf vir die kompetisie. Elke seun en dogter wat ingeskryf het, moes 'n onderhoud voer met me. Suanne Redelinghuys en juffrou Rensia Vermeulen. As jy al hulle boksies afgemerk het, is jy as een van die 24 finaliste verkies. Die finaliste het bestaan uit 12 dogters en 12 seuns en hierdie gelukkige individue het aan die Mnr. en Mej. Drostdy-kompetisie deelgeneem.

Op 4 April 2019 was dit die groot aand. Die 24 finaliste het die aand geopen met die Cell Block Tango. Daarna het die meisies gedans op *Diamonds Are A Girl's Best Friend* en elkeen van hulle het geskitter soos die pragtige diamante wat hulle is. Die seuns het die gehoor vermaak met hulle dans op *Umbrella* en natuurlik was 'n sambreel perfek om die dans af te rond. Die gehoor en die beoordeelaars het 'n beter prentjie van elke deelnemer gekry met 'n video-opname waarin hulle hulself bekend gestel het. Volgende het elke paartjie vir 'n laaste keer oor die verhoog geloop. Elke dogter het asemrowend gelyk in haar unieke weergawe van die "little black dress" (waarmee jy nooit kan verkeerd gaan nie). Die seuns het baie aantreklik in hul tuxedos gelyk. Hierna is die top 5 dogters en top 5 seuns aangekondig. Hierdie uitverkorenes is deur een van die beoordelaars 'n vraag gevra en hulle moes kalm onder druk bly en die vrae eerlik beantwoord. Na die ondervraging is die top 3 dogters en seuns aangekondig en hulle is:

2de Prinses – Danique Jacobs

2de Prins – Phillip Alberts

1ste Prinses – Ena-Mari Burger

1ste Prins – Jo-an van den Heever

Mej Drostdy – Rivaldia Van Rooyen

Mnr Drostdy – Wynand Du Plessis

Met elke aankondiging het die saal ontplof met applous en 'n toejuiging van die gehoor. Dit was sowaar 'n aand vir die boeke!

HTS Drostdy Koor

Juffrou Meiring en die koor se pianis, mnr. Jaco Beeselaar, is druk besig om die koor voor te berei vir die derde kwartaal se optredes.

Die koor sien vreeslik uit na hulle optredes by:
Worcester se Eisteddfod op 13 Augustus
Montagu se Jeugfees op 15 Augustus
Winterkonsert saam met die skool se koperblaasorkes by die Mountain Mill Mall op 17 Augustus.

Die koor oefen ook aan klomp nuwe moderne liedjies en die lede is baie opgewonde hieroor. Hulle oefen hard en sal vir seker die vrugte hiervan pluk.

Welkom by die Donkie Republiek

Die Donkie Republiek is 'n platform waar alle oudskoliere en ondersteuners 'n bydrae kan lewer ter ondersteuning van HTS Drostdy. Die DR help met die insameling van fondse vir die ontwikkeling van fasiliteite ter bevordering van akademie, kultuur en sport.

ADJUVO Fondse

HTS Drostdy ding op alle gebiede met van die grootste en bekendste skole in ons land mee. Dit plaas geweldige finansiële druk op die skool en ook op die ouers met betrekking tot toergelde. Om hierdie rede het die Donkie Republiek dit goedgedink om die Adjuvo Fondse te stig. Die woord Adjuvo is van Latynse oorsprong en beteken om by te staan, te help, aan te moedig en te ondersteun.

Hierdie Adjuvo (ondersteuningsfondse) is vir elke sport- of kultuuraktiwiteit geskep. Deur die aangehegte debietorder vorm in te vul kan u 'n direkte bydrae maak tot die sport/kultuuraktiwiteit van u keuse.

Dit sal soos volg werk: Klik op die skakel. Druk die pdf-lêer en vul dit volledig in. Dui aan die onderkant van die vorm aan watter sport u wil ondersteun. Die vorm word dan by me. Lina Visser afgegee en daar sal een van die lede van die Donkie Republiek dit kry. Maak seker dat die vorm geteken is. Ongelukkig is dit onwettig om dit digitaal te doen en moet ons die ekstra bietjie moeite vra.

Vriendelike groete

Johan Botha

SIEN DIE VOLGENDE BLADSY

HTS Drostdy

Work terwyl jy op God vertrou **Trots, Verantwoordelikheid, Liefde en Respek**

Written Mandate for Debit Payment Instructions.

A. Authority

Given by: .....

Address: .....

Bank: .....

Branch and Code: .....

Account Number: .....

Type of Account ***(delete that which is not applicable)*** Current (cheque) / Savings / Transmission

Amount: .....

Date: 1st of Month - ☐

To: **.....HTS Drostdy Oud-Skoliere**

Abbreviated Name as Registered with the Bank: ....**DrostdyO/B**.....

Beneficiary's Address: ...**40 Somerset Street, Worcester, 6850**.....

This signed Authority and Mandate refers to our contract dated ..... ("the Agreement").

I/We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to your Banker for collection against my/our above-mentioned account at my/our above-mentioned Bank (or any other Bank or branch to which I/we may transfer my/our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my/our obligations as agreed to in the Agreement and commencing on .....and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me/us by giving you notice in writing of not less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address as indicated above.

The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows: monthly, bimonthly, three monthly, six monthly, annually, **(delete that which is not applicable).**

In the event that the payment day falls on a Sunday, or recognised South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day.

I/We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerised system provided by the South African Banks. I also understand that details of each withdrawal will be printed on my Bank statement. Such must contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to me should enable me to identify the Agreement. This number must be added to this form in Section E before the issuing of any payment instruction.

B. Mandate

I/We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above-mentioned Bank as if the instructions have been issued by me/us personally.

C. Cancellation

I/We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me/us, such cancellation will not cancel the Agreement. I/We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this Authority was in force, if such amounts were legally owing to you.

D. Assignment

I/We acknowledge that this Authority may be ceded or assigned to a third party if the Agreement is also ceded or assigned to that third party, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate cannot be assigned to any third party.

Signed at_____ on this _____day of ._____

_____

(Signature as used for operating on the account)

_____

(Assisted By).

E. Agreement Reference Number

This Agreement reference number is: DR.....

KOPERBLAASORKES vermaak Kapenaars

Die Drostdy Koperblaasorkes het die week deelgeneem aan die Hugo Lambrechts Musieksentrum in Parow se blaasorkesfees. Die tema was *'a Night at the Movies'* en die klem het daarop geval om die gehoor te vermaak. Aan die einde van die aand is ons koperblaasorkes aangewys as die wenner van die aand as die mees vermaaklike orkes.

Baie geluk aan mnr. Ras, mev. Krige en al ons jong musikante - julle is tops!

Ons slagwerkleerders het ons die kwartaal baie trots gemaak. Hulle het op Maandag, 13 Mei aan die jaarlikse Paarl Eisteddfod deelgeneem. Elke leerder het 4 slagwerkinstrumente gespeel, waarvan elkeen individueel bepunt en beoordeel is. Die leerders het in totaal 43 stukke op onderskeidelik xilofoon, snaartrom, drumkit en timpani gespeel. Hulle behaal die volgende uitstekende uitslae:

3 Cum Laude (90%+)

5 Goud+ (85% - 89%)

20 Goud (80% - 84%)

14 Silwer (70% - 79%)

1 Brons (69%)

Die toppresteerders was Merize Burger (Cum Laude vir snaartrom en goud+ vir drumkit), Christi Smuts (Cum Laude vir snaartrom), Jean Mouton (Cum Laude vir drumkit), Anja Coetzee (goud+ vir xilofoon en vir snaartrom), Emma Burger (goud+ vir snaartrom) en Heino Erasmus (goud+ vir snaartrom).

HTS Drostdy se 30 toppresteerders in matriek het op Dinsdag, 16 April 2019 in die Gasvryheidlokaal bymekaar gekom om hul goeie uitslae te vier. Een van die matrieks, Etloné Nolte, wat die geselligheid bygewoon het, het dit so beskryf: "Ons het almal by die Gasvryheidlokaal ingestap met groot verwagtinge, maar die tafels was nie gedek nie en daar was definitief niks kos nie. Juffrou van Tonder en van Deventer het so skelm geglimlag. Ons het toe uiteindelik in twee spanne opgedeel: kombuis en restaurant. Die kombuis was verantwoordelik vir die voorbereiding van die kos en die restaurant moes die tafels dek, kompleet met suikerkorrelrandjies vir elke glas en al. Dit was 'n pizza-maak-kompetisie! Met sweet en skarrel het ons ons eie pizzas gemaak. Juffrou van Tonder was die beoordelaar van 'die mees innoverende pizza' en die wenner het 'n lekker geskenkpakkie ontvang. Dit was 'n baie lekker, gesellige aand wat ons nie gou sal vergeet nie!" Hulle het dit beslis baie geniet .

HTS Drostdy spog met 121 A-gemiddeldes van graad 8 tot graad 12.

Graad 8:

Top 5

1. Jade Avenant
2. Cara Smith
3. Christi Marais
4. Caitlen-Leë Lombaard
5. Simone Bothma

BYD'S

Alet Viljoen
Kristin Matthee
Monique Du Toit
Hayley Du Plessis
Louw-Mari Blom
Xander De Bruin
Chanté Williams
Gerhard Du Toit
Awie Smit
Carla Relling
Nelmari Marais
Suné van der Merwe
Anri van der Westhuizen
Danielle Conradie
Danielle Blomerus
Carla Roux
Tiaan Kruger
Jeshurun Kruger
Anro Kruger
Janine Vermeulen
Christelle Joubert
Antoiné de Wet
Henko Kruger
Waldo van der Westhuizen
Juan Rossouw

Graad 9:

Top 5

1. Mieke Kruger
2. Gerhard Burger
3. Jamie-Lee Jacobs
4. Emma Burger
5. Carla Botha

BYD's

Carla Mostert
Mia Van Eden
Salomé Rossouw
Corné Albertyn
Kayla Hussein
Francois Hugo
Thea Oppel
Jan-Louis Bredenhann
Linmari Le Roux
Willem van den Berg
Anmar Rust
Chrisma Sutherland
Millo Camara
Dré Wium
Hannes Neethling
Nadia Du Plessis
Chanelle Maritz
Suné Hansen
DuJean Smith
Janco Pieters
Arno Taljaard
Afton Pieterse
Maretha Geldenhuys

Graad 10:

Top 5

1. Cameron Mostert
2. Mia Victor
3. Bea Wolfaardt
4. Alex Avenant
5. Zane Bothman

BYD's

Deidré van Wyk
Willem Mostert
Maria Brink
René Viljoen
Ané Jacobs
Miné Le Roux
Kayla Hendry
Chane Truter
Francois Marais
Theunis Jordaan
Magdalena Visagie

Graad 11:

Top 5

1. Shani Smith
2. Mia Ramsauer
3. Aliza Rossouw
4. Maria Brink
5. Simoné van Wyk

BYD's

Schalk Willem Zeeman
Micheala Strydom
Dihan Albertyn
Danique Jacobs
Ruben Cronjé
Stefmari Burden
Joshua Smith
Caitie Kingon
Armand van Rhyn
Migal Cronjé
Wernü van Grenun
Zoë Zeeman
Bianka Gerstner
Frederik Burger
Minette Visagie
Micke Marx
Petrus Van den Heever
Chris-Laubscher Pretorius
Jason Walker
Frederick Botha
Juanel Kleyn
Amadia Boshoff
Corniel Erasmus
Leigh-Elmo Arendse
Wentzel Viljoen
Mari Möller
Danté Marais
Elizé Lottering

Graad 12:

Top 5

1. Suné Conradie
2. Talitha Pretorius
3. Cara Burger
4. Wynand Van Staden
5. Antoinette Steyn

BYD's

Conrad Kloppers
Janine Pienaar
Shandré Roberts
Etloné Nolte
Lenette Stofberg
Phillip Hawkins
Ansoretté Muller
Dihan Muller
Michelle Smit
Anri Röcher
Surine Van Tonder

Ons bars uit ons nate van trots vir hierdie leerders . Ons is dankbaar vir hul harde en toegewyde werk . Ons sien uit om julle volgende kwartaal weer by die BYD's raak te sien. - Amadia Boshoff

Wiskunde Olimpiade

Math... The only place where people buy 64 watermelons and no one wonders why...☺



Die Donkies los spore in die wiskundewêreld by UCT. Drostdy het weer aan vanjaar se wiskunde olimpiade deelgeneem. Na ons aankoms daar het almal gehardloop om die registrasie af te handel sodat hulle 'n besoek aan die *Food Court* kan maak. Na die *slapchips en iced coffee* het almal se brein die nodige brandstof gehad om die somme aan te pak.
Intellektueel uitgemergel, het die leerders slaap-slaap teruggekeer huis toe. Ons wag nog om te hoor, maar ons is positief dat die leerders uitstekende uitslae sal behaal.

RADIKALE REDENAARS- EN LEESFEES

Drostdy se leerdes presteer puik op kultuurvlak. Die radikale redenaars- en leesfees is slegs vir voorbereide prosa, poësie, prose, poetry en onvoorbereide redenaars. 13 van ons leerders het deelgeneem. Amber Jade Knipe is deur na die Nasionale rondte vir "reading prose". Maretha Geldenhuys is ook deur na die Nasionale rondte vir poësie lees en "reading poetry". Ons is besonders trots op die leerders, wel gedaan!

ATKV REDENAARS

Tydens die eerste rondte van die ATKV redenaarskompetisie het ons leerders weer ons skool se naam hoog gehou. Die ATKV redenaarskompetisie is vir voorbereide en onvoorbereide redenaars. Ses Donkies dring deur na die Wes-Kaap finaal. Baie geluk Antoinette Steijn, Mienke Kruger, Cameron Mostert, Elizé Lottering, Joshua Smith en Christi Marais! Hou so aan!

JUNIOR STADSRAAD 2019/2020

Baie geluk aan die volgende leerders wat Vrydag 3 Mei ingehuldig is.

Links bo Mia Victor - Junior Town Councillor.
Regs bo Cameron Mostert- Junior Town Councillor.
Links onder Chris-Mari Snyman - Junior Deputy Mayor.
Regs onder Simoné van Wyk - School Outreach Liaison Officer.

Wetenskap vir die toekoms

Op Donderdag, 16 Mei, het mnr. Nelis Cornelissen en 4 leerders aan die Mintec Minquiz gaan deelneem. Die leerders is Suné Conradie, Talitha Pretorius, Wynand van Staden en Conrad Kloppers.Die Minquiz is die premier Wetenskap en Wiskunde Olimpiade in Suid-Afrika. Die kompetisie bestaan uit 'n skriftelike gedeelte waarna die 5 beste spanne aan 'n mondelinge kompetisie deelneem. Drostdy dring deur na die mondelinge gedeelte en eindig algeheel derde in hul groep.

Voorwaar 'n uitstekende prestasie! Conrad Kloppers behaal 'n 1ste plek in sy afdeling en word gekies as deel van die Wes-Kaapspan wat aan die nasionale kompetisie gaan deelneem. Baie geluk, Conrad. Ons hou vir jou duim vas.

Stoei

Die stoeiers was so stil hierdie seisoen - maar agter die skerms! Die volgende stoeiers is gekies om op 21 en 22 Junie die Boland op Middelburg te gaan verteenwoordig by die SA Kadet-, Junior- en Seniorkampioenskappe:

Gerhard Marais
Ockert Roos
Rudi Opperman
Carl du Preez
Richard Ferreira
Francois du Toit

Die afrigters is mnre. Kurt Herzog en Hancu Strydom.

Corné Telleman het vroeër vanjaar die SA Jeugproewe gewen en sodoende gekwalifiseer om aan die International Schools Federation Combat Games te gaan deelneem. Dit sal van 10 Junie tot 18 Junie in Budapest, Hongarye plaasvind.

Mnr. Kurt Herzog is ook gekies om die Proteaspan na die Wêreldkampioenskap in Augustus na Etland aan te voer.

BOLAND KRIEKET

Helena du Toit (onder) is opgeneem in die O/19 Winteroefengroep vir krieket. Sy is ook die geleentheid gebied om saam met die senior vroue te gaan oefen, wat 'n skaarse geleentheid is. Ons is baie trots op haar en wens haar alle sterkte toe met haar krieket die jaar!

Paarl Elite Netbalkliniek

'Success is never permanent, and failure is never final'

Opofferings was nog nooit vir Drostdy se netbaldogters 'n probleem nie, dus het hulle tydens die Maartvakansie hulself gaan bewys. Hulle het deelgeneem aan die Paarl Elite Netbalkliniek wat deur me. Bennie Saaiman aangebied is.

Slegs sewe skole het aan die kliniek deelgeneem. Alhoewel dit baie klein was, het elke speler steeds sy beste gegee en dit gate uit geniet. Daar was tye toe motiveringspraatjies glad nie gehelp het nie, maar omdat donkiebloed deur ons are vloei, het ons nooit opgegee nie. Nadat die Southern Stings Premier Ligaspan hul verskyning, met 'n paar interessante bewegings op die netbalbaan gemaak het, kon jy duidelik sien dat die dogters met drif speel.

Vir baie meisies was die lekkerste gedeelte die keer toe hulle moes voorberei vir n 'Dance Off'. Met 'n trotse hart kan ek sê dat hulle definitief sterker verhoudings met hul spanmaats opgebou het en nie net het die meisies hul naam met 'n plank geslaan nie, maar ook die afrigters wat daar betrokke was

Provinsiale spelers vir netbal

Baie geluk aan al ons dogters wat hierdie vakansie as deel van die **Wes-Kaapspan** aan Provinsiale toernooie deelneem. Hulle is:

o/14	Jade Visagie	Willows
o/15	Jana Taylor	Willows
	Afton Pieters	Willows
o/17	M'Cailen Lombaard	Cedars
o/18	Gabi Bennet	Willows

Die afrigters vir die o/15 en o/16 - spanne is onderskeidelik mee. S. Redelinghuys en S. Retief

Vyf van ons dogters gaan ook as deel van die **Bolandspan** aan toernooie deelneem:

- Ferrenay John
- Danel Viljoen
- Chané Adonis
- Shanidine Bezuidenhout
- Semelian Lombard

Regs bo is die uitslae van ons netbalspanne teen Worcester Gimnasium. Tye het verander!





... met 'n baiesukkelpomp

Die Donkies is bevoorreg om aan verskillende aktiwiteite by die skool te kan deelneem. Daar is net soveel geleenthede vir die dogters as vir die seuns. Een van hulle is om deel van 20 meisies te wees wat by elke tuiswedstryd almal se koppe laat draai met hulle danspassies.

Wat het jy nodig om deel te word van so 'n wonderlike groepie dansers? Gees! Jy moet kan ritme hou, nie skaam wees om voor baie mense op te tree nie en natuurlik moet jy dit ten alle tye geniet! Om 'n Pom-Pom meisie te wees, is veel meer as om net te dans. Jy moet fiks wees om te kan byhou by die ander meisies. Ongelukkig is die span klaar vol, maar wanneer daar 'n noodgeval is, word daar gou om hulp gesnel na reserwes. Die meeste van die danse word deur die meisies uitgedink, maar wat is 'n groep sonder 'n leier? Juffrou Vermeulen help met al die danse en is ook daar om seker te maak dat die span saamwerk en dit ten alle tye te geniet. Die meisies oefen hard en is altyd daar om ons te verras by wedstryde.

Dankie meisies vir julle gees en deelname om Drostdy net meer van 'n belewenis te maak!

Anmar Rust

Sport kry hupstoot

HTS Drostdy se gimnasium het die afgelope jaar opgradeer. Nie net het ons nuwe toerusting in ons gimnasium gekry nie, ons het ook 'n nuwe rekkegimnasium aangebou. In die rekkegimnasium kan 70 leerders op 'n slag oefen.
Die gimnasium se doel is om ons leerders beter voor te berei vir die sportveld, asook om hul kurrikulum meer holistisies te maak. Ons wil ook ons leerders voorberei deur 'n gesonde leefstyl aan te leer op 'n jong ouderdom wat hul kan handhaaf na hulle gematrikuleer het. Ons beveel aan dat leerders 2 tot 3 keer per week oefen in die gimnasium. Ons fokus daarop om leerders met postuurafwykings te help. Ons wil ook die risiko vir beserings verminder.
Die prys vir die gimnasium is:
R70 aansluitingsfooi en R120 per maand."

BOLAND GHOLFSPAN
Hugo de Villiers (regs) is na die Boland Skole Gholfkampioenskap as een van ses spelers opgeneem in die O/19 Boland Gholfspan. Hulle het van 10 - 12 Mei op Robertson aan 'n interprovinsiale toernooi deelgeneem. Baie geluk, Hugo, dit is voorwaar 'n besondere prestasie - die Donkies is trots op jou!

Hokkie

"Hockey is about the passion and the love for the game..."

Terwyl die Donkies met vakansie was, was die hokkiespanne hard aan die oefen by die verskillende toernooie wat deur verskillende skole aangebied is. Die eerste toernooi waaraan die hokkiedogters deelgeneem het, was die Noord-Suid-Derby wat op ons eie Astro aangebied is. Daar het skole van regoor die Wes-Kaap en selfs van ander provinsies gekom om teen Drostdy hokkie te speel o.a.
Hoërskool DF Malan en Hoërskool Robertson.

Terwyl die dogters tuis gespeel het, was die seuns by Paarl Gimnasium en Paarl Boys High. Daar het hulle teen Paul Roos, DF Malan, Paarl Boys High, Paarl Gimnasium en Rondebosch gespeel en fantasties gevaar.

By die verskillende toernooie is daar nie net wedstryde gespeel nie, maar ook aan stokwerk, fiksheid en vlugvoetigheid. Die belangrikste was beslis dat almal nuwe vriende kon maak en iets leer, nie net van die afrigters nie, maar ook van mekaar. Drostdy wil graag aan almal dankie sê wat hierdie toernooi gereël het.

Verder het die eerstespanne aan die Fairmont Hokkietoernooi deelgeneem waar daar teen ander sterk spanne gespeel is en hulle het baie goed gevaar. Ons is baie trots op hierdie jaar se hokkie-spanne! Voorspoed met alle wedstryde en toernooie in 2019...



Tydens die onlangse hokkieproewe is Jade Avenant, T'Neal Titus, Mienke Wessels en Dané van Rensburg (non-travelling reserve) in die Boland Shiraz-span opgeneem. Ons wens hulle alle sterkte toe en is baie trots op hulle!
Die seuns, Tristan Matthews en Leonardo Cloete het die IPT o/18B-span gehaal. Dis 'n groot prestasie. Wel gedaan, manne.

NUWE AFRIGTER - SINALO JAFTA

Dit is vir ons baie lekker om 'n nuwe lid van die Drostdy-familie aan julle bekend te stel. Sinalo Jafta is aangestel as hoof van afrigting: hokkie. Sy gaan ook by die krieketafrigting in die somer betrokke wees. Sy het skoolgegaan aan Stirling Hoërskool in Oos-Londen en het studeer aan die Noord-Wes Universiteit (Human Movement Sciences and Psychology). Op skool is sy O/16 en O/18 in die SA Skole Hokkiespanne opgeneem, het premierliga gespeel en was in 2016 in die SA vroue oefengroep. Sy speel egter ook krieket en is sedert 2016 deel van die Protea-span. Sy was deel van die span wat onlangs teen Pakistan gespeel het.
Ons is baie bevoorreg om haar by ons te verwelkom en ons hoop dat sy baie gelukkig sal wees by Drostdy.



Ewan maak ons trots

Vandag bars ons van trots. Ewan Kotze is na sy uitsonderlike prestasie in spiesgooi die afgelope vakansie gekies as deel van die SA Junior Paralimpiese Span wat in Julie aan die Wêreldkampioenskap in Switzerland gaan deelneem.
Ons is baie trots op Ewan - dit is werklik besonders.





Fietsry

"Lewe is soos om fiets te ry, om regop te bly moet jy aanhou trap..."

Ons fietsryers oefen daagliks en probeer aan soveel moontlik kompetisies deelneem. Dit gaan alles oor blootstelling en ervaring. Sommige ryers, soos Johan van Zyl, gaan neem selfs in die buiteland aan internasionale fietsrykompetisies deel.

By die UCI Junior World Tour MTB, het Johan 'n uitstekende 5de plek behaal en by die XCO African Continental Championship het hy 2de gekom.

Op die 27ste April het Drosty se fietsryers aan die WP 3 XCO Zevenwacht deelgeneem en getrap soos nog nooit. Die uitslae is soos volg:

Nienke Mostert	JUNIOR WOMEN	2de	Christiaan Ellis	YOUTH MEN	17de
Eben Baasden	JUNIOR MEN	7de	Tiaan Steenkamp	SUB JUNIOR BOYS	11de
Heinie Beukes	JUNIOR MEN	10de			
Botha de Wet	JUNIOR MEN	11de			
Yanre Meyer	JUNIOR MEN	12de			

27 April Hantam MTB Nieuwoudtsville

Sune van der Merwe	1ste	20 km	Roelf van der Merwe	1ste	40km
			Jo-An van der Heever	2de	40km

BAAIE STERKTE VIR DIE VOLGENDE KOMPETISIES!

Deur: Danielle Conradie

Skaak

Anatoly Karpov het eenkeer gesê: " Skaak is alles: kuns, wetenskap en sport." En dit is die woorde waarvolgens HTS Drostdy se skaakspelers leef.

Deur die Maart vakansie, terwyl ons almal ons rustige vakansie geniet het, het van ons Donkies vir 14 ure lank skaak gespeel.

1. **JJ Augustyn**
2. **Ethan Baron**
3. **Jeshurun Kruger**
4. **Stean Engelbrecht**
5. **Hermanus Tyrique**
6. **Willem Smith**
7. **Herman Roux**
8. **Juanito le Fleur**
9. **Carla Relling**
10. **Anmar Rust**
11. **Esli-Ray Theron**

Nommer 1-7 is in ons eerste skaakspan opgeneem. Ligawedstryde word in die 2de asook die 3de kwartaal gespeel.

Enige iemand is nog welkom om by die skaak aan te sluit:

Oefentye is op Woensdae van 15:30- 16:30. Enige navrae by juffrou T. Krouwkam.

Dit verbeter jou strategiese denke en dissipline...

Deur: **Danielle Conradie**

Landloop

Hierdie sport is definitief nie gemaak vir kortasems nie. Landloop is 'n sport wat jou fiksheid verbeter en jou liefde vir hardloop ontwikkel. Wentzel Viljoen sê; "Ek het die sport in graad 10 begin en ek geniet dit baie. Dit is 'n baie lekker sport as jy hou van ver hardloop. Meneer Hunter rig baie lekker af en almal geniet die oefeninge. Ons doen verskeie oefeninge deur die week. Ons begin met spoed- en kragwerk. Ons spoedwerk is op steil bulte en 500m grondbane. Ons oefen dan soms ook 4-6 km."

Ons is opgewonde om die resultate van al die landlopers te sien.

Trail 1 - Porterville

Chenique Sas	1ste 4km O/15
Vergell-Lee Africa	1ste 4km O/16
Cameron Mostert	4de 4km O/16
Meriska Van Zyl	6de 4km O/16
Meagan Swanepoel	1ste 6km Junior
Tarien Swanevelder	3de 6km Junior
Nell Singleton	8ste 6km Junior

Trail 2 - Drakenstein

Chenique Sas 1ste	4km O/15
Veronique Visagie	3de 4km O/16
Cameron Mostert	4de 4km O/16
Nell Singleton	7de 6km Junior

Trail 3 - Ceres

Chenique Sas	1ste 4km O/15
Virgell-lee Africa	1ste 4km O/16
Meriska Van Zyl	3de 4km O/16
Meagan Swanepoel	2de 6km Junior
Nell Singleton	9de 6km Junior



Skyfskiet

Ons uitskietkonyne het die afgelope kwartaal behoorlik die kol raak geskiet. In elke ouderdomsgroep is daar 'n minimum kwalifiserende punt, wat geskiet moet word, om in die September vakansie aan die SA's deel te neem. Wanneer die skut twee keer die punt geskiet het, verdien hy/sy WP-kleure. Op die oomblik verdien Chris-Mari Snyman WP-kleure. Jandré Geldenhuys en Theuns Jordaan is halfpad daar.

Die uitslae van kompetisie 3 is:

<u>O/14 net lê</u>

Goud - Celmari Stofberg

Brons-Francois Brink

<u>O/21 net lê</u>

Goud- Mariné Brink

<u>O/14 Sporter</u>

Silwer-Zander Coetzer

<u>Grootste verbetering</u>

Jaden Connoway

<u>O/16 Sporter</u>

Goud-Theuns Jordaan

Silwer-Jandré Geldenhuys

<u>O/21 Sporter</u>

Goud- Chris-Mari Snyman

Algeheel- Goud: Chris-Mari Snyman

Algeheel 3p- SIlwer: Chris-Mari Snyman

Algeheel Staan- Goud: Chris-Mari Snyman

Ons skuts is hard aan die oefen vir die volgende kwartaal.

FLUIT-FLUIT DIS VAKANSIETYD!

Emma Burger

Ons almal kry so 'n warm gevoel binne ons wanneer ons die woord "vakansie" hoor - veral leerders, onderwysers en ouers! Maak nie saak of jy 'n persoon is wat net boeke lees voor 'n warm vuurtjie of adrenalienaktiwiteite beoefen nie, ons almal geniet vakansietye. Hier is 'n paar wenke en truuks om jou vakansie nog lekkerder en gemakliker te maak!

VERGEETBARE VOORWERPE!
Indien jy bang is dat jy vergeet het om iets in te pak, google net "last minute packing list" om te sien of daar iets is wat jy wel vergeet het!

VUIL VOETE!
Wanneer jy jou vuil skoene in 'n stortkappie sit, verhoed jy dat jou splinternuwe somerrokkie of duur denim ook vuil raak.

DAAR IS NIE PLEK NIE!
As jou tas te vol is, (ons almal ken daai gevoel) sit jou sokkies en ander voorwerpe binne in jou skoene om spasie te bespaar.

SEEPGLAD!
Draai die doppie van jou seepbottel oop, sit 'n stukkie kleefplastiek op die oop bottle en draai dan weer die doppie bo-op die plastiek toe om te keer dat die seep in jou tas uitloop. Hierdie wenk kan met ander bottels ook gebruik word.

DIS PAP!
Wanneer jou draagbare laaier ("Portable charger") se battery leeg is, kan jy dit in die kar, op pad na jou bestemming, laai.

O GITS, WAAR IS DIT NOU?
Sit klein juwele soos oorbelle of hangertjies in 'n pillehouertjie om te voorkom dat dit ooit verlore sal raak



SKELMSTREKE STOP!
Wanneer jy by die see is en jy wil voorkom dat jou waardevolle besittings soos geld of selfone gesteel word, sit dit in 'n **skoon** babadoek…want niemand wil 'n doek steel nie.



Classic Clashes en Belewenisweek

Belewenisweek, of meer bekend as Geesweek, is een van die opwindenste tye van die jaar, nes die Classic Clashes die grootste sportdag van die jaar is. Hierdie jaar was Hoërskool Framesby van Port Elizabeth ons opponente.

Donderdag, 9 Mei het die leerders en die onderwysers geesgevang met die dra van "funky socks." Dit was 'n kaleidoskoop van kleure. Die aand het die damesaand en manneaand plaasgevind. Kom ons begin by die dames, want soos die Engelsman sê: " Ladies first." 'n Leefstylsjef, Izelle Hoffman, het die dames toegespreek oor haar gesonde sjokolademousse. Sy het ook met die meisies die seer van haar verlede gedeel. Sy is gestremd gebore en die dokters het voorspel dat sy net haar twintigste verjaarsdag sou haal. Vandag is sy 33 jaar oud, perdfris en gesond met 14 heupoperasies agter die rug. Sy is werklik 'n inspirasie vir baie jong dames.

Marciel Hopkins was die tweede gasspreker. Sy het drie jaar drama studeer aan die Universiteit van Stellenbosch, maar kort daarna Sielkunde begin swot en graad gevang. Sy was ook die primaria van haar koshuis, maar op 'n dag het 'n Mej. Suid-Afrika finalis vir haar gesê dat sy modelwerk moet oorweeg. Volgens Marciel het sy nie die liggaamsbou daarvoor gehad nie, maar die gogga het haar gebyt en sy kon hom nie afskud nie. Sy het intensief begin oefen en na vier maande het sy vir die Mej. Suid-Afrika kompetisie ingeksryf. Sy het tot haar verbasing deurgedring na die volgende rondte, maar dit was net die begin. Sy was in 2015 een van 12 Mej. Suid-Afrika finaliste. Die kompetisie het verbygevlieg en sy het weer ernstig gewig opgetel. Sy het toe die motto ontwikkel "Exercise is not a punishment for what you ate, but a celebration of what your body can do." Marciel het 'n kurwemodel geword en is gelukkiger as ooit!

By die manneaand het die jeugpredikant, Richard van Wyk, van Stellenbosch die seuns toegespreek. Hy het met die seuns gepraat oor Jesus. Baie individue voel dat Jesus "out of our league " is, maar Hy het ons werklik baie lief. Hy het sy persoonlike ervaring met die seuns gedeel oor 'n meisie wat langs hom op 'n vlug gesit het. Sy was baie opgewonde en heeltyd " I'm going to see daddy" gesing. Die vliegtuig het geruk en die meisie het opgeooi en haarself bemors. Nog steeds het sy gesing en kon nie wag om haar pa te sien nie. By die lughawe het haar pa haar omhels, al was sy vuil. Dit het hom inspireer, want sy het deur die goeie en slegte tye geglo sy gaan haar pa sien en haar pa het haar met ope arms verwelkom, ongeag hoe sy gelyk het. Volgens Richard is dit hoe ons verhouding met God moet wees. Na die saal se verrigtinge het die seuns afbeweeg na Trappespark en "Manne dis 'n voorreg" ter afsluiting gesing.

Vrydag, 10 Mei was dit die Big Brag. Al die leerders het by Trappespark bymekaar gekom en in spanning gewag vir ons rugby, hokkie, netbal en skaak A-spanne om hulself aan die skool bekend te stel. Op die pawiljoen kon die leerders nie meer hul opgewondheid onderdruk nie en het 'n paar liedjies gesing. Dit het ons sommer in die regte gees gekry vir die groot dag wat gevolg het.

Na die opwindende en besige week was ons as skool meer as gereed om kragte te meet teen Hoërskool Framesby.

Ons het hierdie jaar weer die Classic Clashes ervaar. Dit was heerlik om weer op so 'n manier te kompeteer aangesien ons vorige opponente kop uitgetrek het. Hoërskool Framesby het by ons kom kuier en wat 'n ontnugtering. Aanvanklik het ons 'n Engelse skool verwag, omdat dit so Engels klink en dan nog uit die Oos-Kaap kom. Dis 'n Afrikaanse skool soos ons. Ons kon met hokkie, netbal en rugby teen hul meeding. Baie van ons eie leerders het in die dorp gaan slaap om plek te maak vir hulle kinders in die koshuise.
Dit was 'n pragtige dag en al die spanne het goed teen mekaar opgeweeg.
Drostdy se eerste rugbyspan het verloor en so ook die hokkiedogters, maar die hokkieseuns het geseëvier.
Dit was die eerste jaar en almal het mekaar uitgekyk en gevoel-voel op die veld, maar volgende jaar gaan 'n grote wees!

Wat egter die opvallendste was, was die positiewe gees waarin al die wedstryde gespeel is. Op en van die veld het almal mekaar met respek hanteer. Selfs op die pawiljoen het die ouers geskerts en mekaar beter leer ken.
Ons sien baie uit na volgende jaar en weet sommer dat hierdie 'n *clash of the titans* gaan word.

Baie dankie aan mnr en me. Underhay vir die inisiatief hiermee. Dis werklik 'n groot ervaring en sonder julle sou dit nooit kon gebeur nie.